Publication: Beeld Naweek (Uitgawe 1)

Date: Saturday, September 04, 2021

Page: 14

# ‘Koop’ boedel-gemoedsrus

## ’n Onafhanklike eksekuteur kan jou familie baie sorge bespaar



CHARNÉ VAN DER WALT

Nasionale Testamenteweek is om die draai. Van 13 tot 17 September kan jy gratis ’n testament laat opstel deur prokureurs wat deel vorm van hierdie projek.

Besoek www.lssa.org.za vir meer inligting.

’n Ander webblad wat lesers gerus kan besoek wat propvol interessante inligting en artikels is oor boedelbeplanning en die opstel van ’n testament, is www.fisa.net.za.

Dit verduidelik ook baie goed die waarde daarvan om ’n professionele persoon in jou testament as eksekuteur aan te stel.

Die meeste van my kliënte is anders ingestel op spaar sedert die koronaviruspandemie ons getref het en ek kan verstaan dat eksekuteursgelde hoog kan lyk (of is).

Maar aanvaar vandag my advies: Gebruik ’n professionele persoon, veral iemand wat ondervinding en ’n goeie reputasie het met die beredderingvan boedels, voorsien vir die koste daarvan en bespaar vir jou familie baie drama, onmin, konflik, frustrasie, tyd en verwarring.

Daar gaan baie meer werk in ’n boedel as wat die publiek besef. Jy neem as eksekuteur basies die oorledene se hele administratiewe lewe oor.

Ek dink nie daar is een boedel waarby ek al betrokke was waar daar nie een of ander verrassing of administratiewe uitdaging was nie.

’n Onafhanklike persoon of firma wat die proses van boedelbereddering ken, se aanstelling is as’t ware ’n belegging in toekomstige familieverhoudinge en dit “koop” gemoedsrus.

Glo my as ek sê dat ek nou al by heelwat boedels betrokke was en by elke boedel loop emosies hoog nadat ’n geliefde sterf. Gades of kinders wat aangestel is as eksekuteurs is gewoonlik oorweldig met die aanstelling. Dit is asof daar ’n las op hul skouers is om besluite te neem (al stel hulle daarna ’n agent aan om te help) wat nie weggaan totdat alles afgehandel is nie.

Onmin tussen broers en susters is algemeen, veral as een die eksekuteur is en nie behoorlik met die ander kommunikeer nie.

’n Eksekuteur mag tot 3,5% (uitgesluit belasting op toegevoegde waarde) verdien op die markwaarde van bates wat jy op die dag van jou afsterwe besit. Beplan teen 5% van jou bates, want daar is altyd bykomende uitgawes, byvoorbeeld kontanthanteringsgelde, oordragkoste van vaste eiendomme of tyddeel, begrafnisuitgawes, gelde betaalbaar aan die Meester van die hooggeregshof en mediese uitgawes. (En jou bates kan meer werd wees die dag van jou afsterwe as waarop jy nou beplan.)

As jy wil bespaar in eksekuteursgelde, het jy twee opsies. Jy kan ’n eksekuteur soek wat bereid is om te skik teen ’n laer persentasie (wat jy in jou testament stipuleer) of jy kan ’n familielid of vertroueling aanstel as eksekuteur wat ’n agent kan soek wat bereid is om teen laer gelde die boedel te beredder.

Wat die eksekuteurskoste aanbetref, is dit so dat dit in kontant beskikbaar moet wees. Lewensversekering bly die goedkoopste manier om dit te voorsien.

> Ek dink nie daar is een boedel waarby ek al betrokke was waar daar nie een of ander verrassing of administratiewe uitdaging was nie.

Vir ’n vrou van 37 jaar (nieroker) wat bates (ingesluit lewenspolisse) het van R5 miljoen, sal die eksekuteurskoste sowat R200 000 wees. Dit gaan haar R32 per maand kos (wat groei teen 5% per jaar) om dié R200 000 (wat ook met 5% per jaar gaan groei) te voorsien.

Ek beantwoord vervolgens en in die volgende paar rubrieke lesers se vrae oor testamente.

**Sedert u vorige rubrieke oor testamente het ek uitgevind oor die koste om ’n testament op te stel. Hoekom verskil dit so? Party doen dit gratis, ander teen billike tariewe en ander is duur.**

Uitgesluit die aanbod van Nasionale Testamenteweek is daar opstellers wat geen koste vra nie mits hulle in die testament as eksekuteur aangestel word.

Groter ondernemings hef soms billike gelde bloot om administratiewe koste te dek.

Ek stel nie gratis testamente op nie, want daar is boedelontleding (en -beplanning) betrokke wat baie ure neem. Dit is vir my asof kliënte wat daarvoor betaal ook meer betrokke is by die proses.

Daar is ook nie ’n waarborg dat ek uiteindelik die eksekuteur gaan wees nie aangesien die kliënt enige tyd vry is om sy/haar testament (en die benoeming van die eksekuteur) te verander.

Wanneer ek ’n testament opstel, is daar gesprekke en advies oor baie ander aspekte as net die testament self, wat gewoonlik veroorsaak dat kliënte veranderinge in hul lewe maak, of anders dink oor hul finansiële sake.

**Waarom het my testament steeds ’n trust in as al my kinders bo 18 jaar is en selfstandig met hul geld kan werk? Moet die trust inbly en moet ek die trust vir belasting registreer?**

Die trust in jou testament is ’n testamentêre trust wat nog nie bestaan nie.

’n Testamentêre trust is hoofsaaklik gerig op kinders onder 18 jaar wat nie in hul eie naam mag erf nie, maar jy kan die ouderdom hoër maak (soos 25 of 30 jaar).

As jy tevrede is dat jou kinders op 18 jaar kan erf, kan die trust steeds waarde hê as jy kleinkinders het (of gaan hê met jou afsterwe) veral as hulle in die plek van jou kind erf as die kind voor jou sterf.

Eers as die trust tot stand kom vir enige van sodanige begunstigdes van die trust, sal die trust vir belasting registreer.

**Wat gebeur as ek in my testament ’n bate aan iemand bemaak, maar nie meer daardie bate besit nie?**

Dit hang af hoe jou testament dit beskryf.

Gestel jou testament sê “ek bemaak my motorvoertuig aan so-en-so”, sal jou huidige motor na daardie persoon vererf.

As jy geen motor besit op die dag van jou afsterwe nie, sal die klousule geïgnoreer word.

Gestel jy spesifiseer jou huidige motor deur die fabrikaat, model of registrasienommer te noem. Gestel jy verkoop jou motor en koop ’n nuwe een, maar vergeet om jou testament te verander.

Die nuwe motor sal nie na daardie persoon vererf nie, maar deel vorm van die restant van jou boedel.

Vermy spesifieke beskrywings van sekere bates of, as jy dit spesifiseer, moet jy ingestel wees om jou testament te verander as jy bates koop en verkoop.

Dié vraag laat my ook dink aan mense wat hul kinders by name noem, dan nog ’n kind kry, maar vergeet om hul testament te verander. Verwys eerder net na “my kinders” as om name te noem.

Dit hou voordele in om van tyd tot tyd finansiële gesprekke te hê met jou finansiële beplanner, belastingpraktisyn, ouditeur, rekenmeester, prokureur, finansiële afrigter of mentor.

Een kliënt vra my of hy kapitaalwinsbelasting gaan betaal op die verkoop van sy woonhuis. Hy gaan by sy broer intrek en nie weer ’n vaste eiendom koop nie.

In sy huidige testament erf sy dogter dié eiendom en ander familie die res van sy boedel (wat kontantbeleggings is).

As die woonhuis verkoop was met sy afsterwe, sou sy dogter niks geërf het nie (wat nie sy wens is nie). Ek het met sy belastingnavraag instinktief opgetree en voorgestel dat ons sy testament hersien.

Dít is die voordeel van ’n holistiese raadgewer wat omvattende finansiële advies kan gee.

■ **Charné van der Walt (The Lemon Lady) is ’n finansiële raadgewer en belastingpraktisyn in Stellenbosch. Kontak haar by info@lemons.co.za met vrae vir opvolgende rubrieke. Die artikel is in leketaal geskryf en bevat nie spesifieke of persoonlike raad nie.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.